GENADE: DIE NUWE VERBOND

- Genade in die Ou Testament is nie dieselfde as in die Nuwe Testament nie. in die Ou Testament was dit eerder "Mercy" as "Grace"
    - "Mercy" kan verduidelik word as: "Not getting something negative, that you deserve to receive – eg. punishment"
    - "Grace" kan verduidelik word as: "To receive that which you have not earned or deserve to get – UNMERITED FAVOUR"
    - "Grace" kan nie gegee word op grond van 'n persoon se verdienste of meriete nie – dis verniet ONGEAG die persoon se verdienste.
- Ons verdien die dood en straf, maar agv "mercy" weerhou God dit van ons. Agv van "Grace" egter, gee God ons baie meer as wat ons verdien, want ons ontvang dit SLEGS IN CHRISTUS.
- Ons ontvang op grond van Christus se werk en da tons weer met die vader herenig is en in volle vrede met Hom is.
- "Grace" kom van 'n liefdevolle Vader, wat 'n hart het om te GEE
- Daar kan dus nooit volle genade (grace) wees onder die wet nie – onder die wet het dit altyd te doen met JOU meriete
- **Joh 1:17** *Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*
- Die Griekse term vir Grace is "charis". Ons sien dit 156 in Bybel en word 130 maal as "grace" vertaal. Uit hierdie 130 maal vin dons dit 110 maal in Paulus se skrifte, geensins in die boeke van Matheus en Markus.
- Dus, as ons wil leer van Nuwe Testamentiese (Soos God dit bedoel het) Genade (full Grace), moet ons dit uit Paulus se werke leer.!!
- Geen ander skrywer het oor Genade geskryf soos Paulus daaroor geskryf het nie, hy het die diepte en die impak daarvan verstaan deur diue Openbaring van Jesus Christus in sy lewe. Ons moet moeite doen om te verstaan wat Paulus ontdek het!!
- Genade doen verskeie dinge in ons lewe:
    - **Rom 3-24** en hulle word deur sy genade sonder verdienste ***geregverdig*** deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
    - John 1-16 En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, ***genade op genade***
    - **Ef 1:7** *In Hom het ons die **verlossing** deur sy bloed, die **vergifnis** van die misdade na die rykdom van sy genade,*
    - **Heb 4-16** (gebeds verhoring) *Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*
    - **Rom 11-6** *En as dit deur genade is, dan is dit **nie meer uit die werke nie**; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.*

- **Gal 1-15 & 16** *Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy **genade geroep het**, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig*
- Kan ook van Genade verval: **Gal 5-4** *Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.*
- Genade is sterker as Sonde: **Rom 5-20** *Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;*

- Om Genade te verstaan is om:-
  - Christus te ken – nie Christenskap nie – Christus die persoon
  - Om Paulus te volg – hy het die boodskap verkondig, hy het die voorbeeld daarvan geleef
- Die rykdom van genade sluit in:-
  - Ons is GEKIES deur God
  - Ons is in Christus
  - Ten volle vergewe
  - En geregverdig
  - Familie van God en erfgename saammet Jesus
  - In volle VREDE met God
  - Vry van die Wet
  - Vry van die sondelas
  - Nuwe skepsel – ou dinge is verby
  - Ewige lewe
  - En soveel meer…

<u>Voorbeeld van hoe Paulus "redeneer" het onder Genade:-</u>

Rom 14: 5-8 *Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God. Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*

Paulus probeer nie die argument uitklaar nie – hy probeer die ***klem verskuif*** van die "<u>kennis</u>" na "<u>genade</u>"

Gal 5:13 *Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.*